

# Brambles

**Beleid oor diversiteit**

**Brambles Limited**

Hersien: 1 Januarie 2020

Weergawe 2.0

## **BELEID OOR DIVERSITEIT**

### **1. Konteks en omvang van beleid**

Brambles se missie, gedeelde waardes en gedragskode voorsien alle werknemers van 'n duidelike stel beginsels om in hul daaglikse werkslewe aan te wend. Brambles is verbind tot veiligheid, diversiteit, mense en spanwerk.

Diversiteit is 'n integrale deel van Brambles se korporatiewe strategie en hierdie beleid weerspieël die verbintenis van die raad en die uitvoerende leiersgroep tot diversiteit in die arbeidsmag.

Diversiteit van die raad word in die beleid oor die raad se keuringsproses behandel.

### **2. Visieverklaring oor diversiteit**

Brambles is verbind tot die skepping en handhawing van 'n kultuur wat uitstekende prestatie en resultate lewer.

Diversiteit is deurslaggewend vir Brambles se langtermynsukses. Brambles ag diversiteit van waarde en bevorder dit omdat dit die volgende toelaat:

- Dat klante se behoeftes, sowel huidige as toekomstige, erken en nagekom word;
- Dat alle werknemers van waarde voel en in staat is om op hul beste te presteer, en
- Dat Brambles toegang tot die wydste talentpoel moontlik het.

### **3. Definisie en voordele van diversiteit**

Diversiteit beteken insluiting – om al daardie verskille in agtergrond, opgroei, kultuur en ondervinding te erken wat elk van ons uniek en kenmerkend maak.

Brambles is verbind tot die keuring, werwing, ontwikkeling en ondersteuning van mense op grond van hul professionele vermoë en kwalifikasies, ongeag ras, geslag, kleur, nasionaliteit of nasionale oorsprong, klas, geloofsoortuiging, ouderdom, gestremdheid, huwelikstatus, seksuele oriëntasie of geslagsidentifikasie, politieke opinie of enige ander status wat deur toepaslike wetgewing beskerm word.

Ons glo 'n diverse arbeidsmag voorsien die beste bron van talent, kreatiwiteit en ondervinding. Mense met verskillende agtergronde en lewenservarings kan geleenthede identifiseer en probleme uit verskillende oogpunte benader.

Deur diversiteit aan te moedig versterk ons ons potensiaal om nuwe idees te genereer en sodoende verbeter ons vermoë om by veranderings aan te pas.

Dit beteken ons is beter daartoe in staat om die verskillende behoeftes van ons klante wêreldwyd te verstaan en deur uitstekende diens aan hulle te verskaf lewer ons die beste opbrengste aan ons aandeelhouers.

'n Diverse werkplek is interessanter en aantrekliker vir bestaande en potensiële werknemers, wat motivering en behoud van werknemers verbeter.

#### **4. Diversiteit by Brambles**

Brambles wil in elke land en kultuur 'n voorkeurwerkgewer wees wat die beste werknemertalent beskikbaar lok. Ons keur, behou en ontwikkel die beste mense vir die werk op grond van meriete en werkverwante vaardighede – sonder diskriminasie.

Waar gepas sal ons eksterne agentskappe betrek om ons by te staan in die identifisering, keuring en evaluering van kandidate. Brambles sal voortgaan om programme vir talentbestuur soos die volgende te ontwikkel:

- Ontwikkelingsprogramme vir senior uitvoerende beampies;
- Ontwikkelingsprogramme vir die volgende geslag leiers, en
- Mentorprogramme.

As deel van die raad se verbintenis tot diversiteit en insluiting by die werkplek sal die raad jaarliks Brambles se toepaslike en beskikbare werkplekdata en -statistiek nagaan en daaroor verslag doen, waaronder die volgende, onder ander oorwegings:

- Die getal werknemers wat aan Brambles se opleidingsprogramme oor gelyke indiensnemingsgeleenhede (EEO), diversiteit en mensehulpbronne deelneem;
- Die proporsie vroue, mans en ander kategorieë werknemers in die arbeidsmag op alle vlakke;
- Die proporsie vroue, mans, ander kategorieë werknemers en professionele agtergronde van Brambles se uitvoerende bevolking;
- Onderhewig aan toepaslike plaaslike wetgewing en beschikbare arbeidsmagdemografie, meetbare doelwitte vir die bereiking van geslagsdiversiteit en diversiteit van nasionaliteit, en
- Vordering met die bereiking van daardie doelwitte.

Brambles se werknemers sal deur hul woorde en dade demonstreer dat om diversiteit van waarde te ag en te bestuur 'n sleutellement van Brambles se kultuur is. Werknemers sal spesifiek die volgende doen:

- Bewustheid van diversiteit in 'n oop en inklusiewe werksomgewing van waarde ag en bevorder;
- Geen verdraagsaamheid toon vir enige vorm van diskriminasie of teistering nie;
- Vatbaar wees vir die verskeidenheid verwagtinge van werknemers, waaronder die balans tussen werk en leef;
- Alle werwingsbesluite slegs baseer op grond van meriete nadat hulle aansoeke van alle paslik gekwalificeerde individue aangemoedig het;
- Alle bevorderings slegs op prestasie, potensiaal en aktiewe demonstrasie van Brambles se waardes baseer, en
- Werknemers van 'n omgewing voorsien wat hulle in staat stel om sukses te behaal.

Elke werknemer van Brambles moet hul kollegas as individue van waarde ag en bewus wees van die uitwerking wat hul woorde en dade op ander kan hê.

#### **Verantwoordelikheid vir die sukses van hierdie beleid**

Brambles se raad het die oorhoofse verantwoordelikheid vir hierdie beleid. Die groep se senior visepresident, mensehulpbronne het die daagliks operasionele verantwoordelikheid vir hierdie beleid en moet verseker dat alle werknemers gereelde en gepaste opleiding ontvang.

Die groep se senior visepresident van mensehulpbronne, in samewerking met die raad, sal minstens een maal per jaar hierdie beleid uit 'n regs- en operasionele oogpunt nagaan. Hierdie beleid vorm nie deel van 'n party of enige werknemer se kontrak of skep andersins een nie, en dit mag van tyd tot tyd gewysig word. Werknemers word uitgenooi om kommentaar op hierdie beleid te lewer en maniere voor te stel waarop dit verbeter kan word. Kommentaar of voorstelle moet aan die groep se senior visepresident, mensehulpbronne gerig word.

Alle werknemers is verantwoordelik vir die sukses van hierdie beleid. Brambles skep werkplekke waarin oop en eerlike kommunikasie tussen alle werknemers van waarde geag en gerespekteer word. As u enige vrae oor hierdie beleid het, of as u 'n potensiële oortreding daarvan wil aanmeld, praat asseblief met u lynbestuurder of enige lid van dieregs- of mensehulpbronspan, of bel die Praat uit-hulplyn. In ooreenstemming met Brambles se Praat uit-beleid sal geen vergelding- of weerwraakstappe teen enige werknemer gedoen word as kwellings ingevolge hierdie beleid geopper word nie. Brambles is daartoe verbind om kwellings van werknemers te ondersoek, te hanteer en daarop te reageer, en om gepaste korrektiewe stappe in reaksie op enige oortreding te doen.